



Immunisasies

'n Kort agtergrond deur Dr Hester van der Walt, Pediater,
Vredenburg, 0227135149 www.pediater.co.za

Waarom immuniseer ons kinders?

Immunisering beskerm ons kinders teen algemene kindersiektes.¹ Hierdie siektes het in die verlede, voordat immunisasies beskikbaar was, dikwels gelei tot kindersterftes. Honderd jaar gelede was dit die uitsondering as 'n gesin nie ten minste een kindersterfte beleef het as gevolg van sommige van hierdie infeksies nie. Kindersterftes het dramaties afgeneem sedert immunisasies ingestel is², maar in die 1990's het aktiviste in Europa teen sekere immunisasies propaganda gemaak deur te beweer dat MMR immunisasie lei tot outisme³. Baie ouers in Europa (veral Engeland) het toe nie hulle kinders laat immuniseer nie. Die Europese kindersterfte syfers het kort daarna toegeneem, maar het weer afgeneem nadat ouers weer hulle kinders laat immuniseer het.⁴

Kindersiektes word veroorsaak deur virusse en bakterië wat die liggaam binnedring en dan siekte veroorsaak wat die hele liggaam of dele van die liggaam (bv. ore, neus, keel, longe, spysverteringstelsel, brein of breinvlies) aantast. Hierdie virusse en bakterië kom voor in die omgewing meestal as gevolg van druppel besmetting deurdat geïnfecteerde mense dit uithoes⁵. Sommiges word oorgedra deur ongewaste hande⁶ waaraan die virusse kleef en nog ander deur bloedprodukte. Tetanus word meestal oorgedra deur bakterië op geroeste voorwerpe wat die vel binnedring. Meningokok infeksies word slegs deur baie naby kontak oorgedra ("kissing contacts")⁷. Daar is nog nie 'n immunisasie beskikbaar teen die Suid Afrikaanse stam van die Meningokokke nie, maar voorkomende behandeling is wel beskikbaar as iemand in nabye kontak was met 'n geïnfecteerde persoon.

Watter immunisasies teen kindersiektes is beskikbaar in Suid Afrika?

- Sedert Mei 2010 is daar twee immunisasieskedules beskikbaar in Suid Afrika:
 - **Die EPI (Extended Programme of Immunization) wat deur die staat verskaf word.**
 - **'n Privaat Immunisasie Program (PIP) wat deur privaat geneeshere onderskryf word.**

Die feite:

Die EPI

- **Die voordeel:**
 - Dit is gratis omdat dit deur die staat verskaf word.
- **Die nadele:**
 - Geen immunisasies teen waterpokkies, Duitse masels, Pampoentjies en Hepatitis A
 - Daar is dikwels lang tye om in te wag en klinieke word net op sekere dae gehou.
 - Meer inspuitings vir minder siektedekking.
- **Waar word dit verskaf:**
 - By al die Staatsklinieke. Skakel jou munisipaliteit se gesondheidsafdeling om uit te vind waar jou naaste kliniek is.
 - By Suster Margie, Life Weskus Privaathospitaal, Vredenburg, telefoon 022 719 1030 x 5.
 - *Onthou om jou immunisasiedokumente (kliniekkaart) saam te bring!*

PIP:

- **Die voordele:**
 - Meer infeksies word gedek.
 - Aanvanklik minder inspuitings vir groter dekking.
 - Wagtyd word uitgeskakel aangesien dit op 'n afspraak-basis geskied.
 - Dit word as deel van 'n normale ondersoek/konsultasie by Dr Van der Walt gratis toegedien – jy moet egter die entstof bring!
- **Die nadele:**
 - Dit is duurder op 'n kontant basis maar dit word wel deur die meeste fondse gedek onder die dag-tot-dag plan sodat dit die lid van die mediese fonds nie direk geld uit die sak jaag nie. By sommige fondse word dit selfs onder 'n spesiale afdeling gedek as deel van hulle siekte voorkomingsplan en dus kos dit niks ekstra vir die fonds se lede nie. (Doen gerus navraag by jou fonds)

¹ <http://www.pntonline.co.za/index.php/PNT/article/viewFile/388/380> 2010/09/02 01:10:10 AM

² http://www.eoearth.org/article/human_population_explosion 2010/09/01 11:49:32 PM

³ <http://www.nicd.ac.za/pubs/other/autism.htm> 2010/09/01 11:48:19 PM

⁴ <http://www.savic.ac.za/news/newsarticle.php?naseqn=78&p=1&search=> 2010/09/02 12:00:27 AM

⁵ <http://www.diseases-condition.com/diseases-d/droplet-infection.htm> 2010/09/01 11:52:52 PM

⁶ <http://www.cdc.gov/features/handwashing/> 2010/09/01 11:54:21 PM

⁷ http://www.rch.org.au/kidsinfo/factsheets.cfm?doc_id=3738 2010/09/01 11:56:18 PM



- o 'n Ander nadeel is dat dit slegs by sekere privaat klinieke, apteke en dokters (insluitende pediater) beskikbaar is.

Waar word dit verskaf:

- o Elke twee weke tydens die Saterdag kliniek by die Life Weskus Privaathospitaal (Suster Margie, telefoon 022 719 1030 x 5. Ouers moet die immunisering (spuitstof) saambring - **onthou om dit koel te hou!** Dit kan by die meeste apteke aangekoop word.
- o Sommige apteke, bv Suster Marelise, elke Donderdag by Saldanaha Apteek (022 714 2201).
- o Sommige algemene praktisyns (huisdokters) lewer ook 'n immuniseringsdiens, vra jou dokter.
- o Jou plaaslike pediater, Dr Hester van der Walt, lewer ook 'n gratis immuniseringsdiens as deel van die opvolg- en ander ondersoeke van babas en kinders, skakel 022 713 5149 vir 'n afspraak.
- o *Onthou om jou immunisasiedokumente (kliniekaart) saam te bring!*

Hierdie tabel dui die verskil tussen die Staat (EPI) en die Privaatskedules (PIP) asook die ouderdomme waarop sekere immunisasies gedoen word aan:

Staat (EPI)		Privaat (PIP)	
Wanneer	Wat	Wanneer	Wat
Geboorte	BCG & Polio druppels	Geboorte	BCG & Polio druppels
8 weke	Spuit 1: DTaP-IPV, HiB Spuit 2: Hep B Spuit 3: Pneumokok Per mond: Rotavirus	6 weke ⁸	Spuit 1: DTaP-IPV, HiB & Hep B Spuit 2: Pneumokok Per mond: Rotavirus
10 weke	Spuit 1: DTaP-IPV, HiB Spuit 2: Hep B	12 weke	Spuit 1: DTaP-IPV, HiB & Hep B Spuit 2: Pneumokok (nie op EPI)
14 weke	Spuit 1: DTaP-IPV, HiB Spuit 2: Hep B Spuit 3: Pneumokok Per mond: Rotavirus	16 weke	Spuit 1: DTaP-IPV, HiB & Hep B Spuit 2: Pneumokok Per mond: Rotavirus
9 maande	Spuit 1: Pneumokok Spuit 2: Masels	9 maande	Spuit 1: Pneumokok Spuit 2: Masels
12 maande	Geen	12 maande	Spuit 1: Waterpokkies (nie op EPI) Spuit 2: Hep A (nie op EPI)
15 maande	Geen	15 maande	Spuit: MMR (nie op EPI)
18 maande	Spuit 1: DTaP-IPV, HiB Spuit 2: Masels	18 maande	Spuit 1: DTaP-IPV, HiB Spuit 2: Hep A (nie op EPI)
6 jaar	Spuit 1: Td	6 jaar	Spuit 1: Tdap-IPV (nie op EPI) Spuit 2: MMR (nie op EPI)
12 jaar	Spuit 1: Td	12 jaar	Spuit 1: Tdap-IPV (nie op EPI) Spuit 2: HPV (nie op EPI)

Afkortings:

- **BCG:** Bacillus Calmette-Guérin (teen tuberkulose (TB))
- **DTaP-IPV, HiB:** Difterie (witseerkeel), Tetanus (klem-in-die-kaak), asellulêre Pertussis (kinkhoes), geïnaktiveerde Polio Virus (kinderverlamming), Haemophilus Influenza B (verskeie infeksies)
- **Hep B:** Hepatitis B. Geelsug (lewerontsteking) veroorsaak deur die Hepatitis B virus⁹
- **Hep A:** Hepatitis A. Geelsug (lewerontsteking) veroorsaak deur die Hepatitis A virus¹⁰
- **MMR:** Measels (Masels), Mumps (Pampoentjies), Rubella (Duitse masels)
- **Tdap-IPV:** Tetanus (klem-in-die-kaak), Laer dosis Difterie (witseerkeel), asellulêre Pertussis (kinkhoes), geïnaktiveerde Polio
- **Td:** Tetanus (klem-in-die-kaak), Laer dosis Difterie (witseerkeel)
- **HPV:** Human Papuloma Virus ter voorkoming van servikale (baarmoedermond) kanker.¹¹
- **Spuit:** Inspuiting, binnespiers of onder die vel

⁸ Kan by Dr van der Walt ook gereel word op 8 weke om saam te val met ma se besoek aan plaaslike ginekoloog.

⁹ <http://www.immunize.org/catg.d/p4075abc.pdf> 10/08/30 19:28:10

¹⁰ <http://www.immunize.org/catg.d/p4075abc.pdf> 10/08/30 19:28:10

¹¹ http://health.mweb.co.za/medical/Condition_centres/777-792-4093-4100,46314.asp 10/08/30 19:33:14



Watter algemene neweeffekte kom voor as gevolg van immunisasie?

Die mees algemene newe effek is 'n plaaslike reaksie waar die inspuiting gegee is (rooiheid, teerheid). Soms word verkoueagtige simptome ervaar soos hoes, koors (selfs so hoog soos 39°C!) en loop neus.

Die 'Pyn'

Hoewel inspuitings oor die algemeen redelik pynloos is kan jy die vel waar die inspuiting gaan plaasvind effektief verdoof. Vra dat Dr Van der Walt by die voorskrif vir die entstof ook 'n buisie Emla™ of Topla™ voorskryf. Die inenting word net onder die vel of intramuskulêr gedoen op die regter of linker buitebeen op die boonste derde van die afstand boud-knie. Die salf kan jy opsmeer so een uur voor die inspuiting en die plekkie met 'n pleister toemaak.

Is daar 'n verband tussen outisme en die MMR inenting (Measles, Mumps, Rubella)?

Gerugte dat outisme veroorsaak word deur die toediening van die MMR immunisasie is **herhaaldelik vals bewys**¹² en die dokter wat die "teorie" bemerk het is intussen van die mediese rol in Engeland geskrap. Die **onwetenskaplike afleiding** is waarskynlik gemaak aangesien die diagnose van outisme meestal gemaak word in kinders van 18 maande tot 2 jaar, wat toevallig ook die ouderdom is net na die MMR immunisasie toegedien word. **Daar is intussen in 'n Deense studie op ongeveer 500,000 kinders bepaal dat die kans om outisme te kry eintlik geringer is in kinders wat MMR immunisasie ontvang het!** Ander studies het die verband tussen MMR en outisme ook uitgeskakel^{13 & 14}.

Moenie vergeet van jou griepinspuiting voor die winter nie!



Terug na www.pediater.co.za

¹² <http://www.nicd.ac.za/pubs/other/autism.htm> 2010/09/02 12:58:03 AM

¹³ <http://www.sciencebasedmedicine.org/?p=2962> 2010/09/02 01:25:03 AM

¹⁴ <http://www.reuters.com/article/idUSTRE60330220100104> 2010/09/02 01:25:45 AM